# Opgesomde finansiële resultate
## vir die jaar geëindig 28 Februarie 2013

CAPITEC BANK HOLDINGS LIMITED










**Wesensverdienste per aandeel styg met 35% tot 1 519 sent**

**Verdienste styg met 47%**

**Finale dividend per aandeel: 405 sent**

**Opbrengs op ekwiteit: 27%**

**Aktiewe kliënte: 4.7 miljoen**

**Werkskepping: 1 114 poste**

## Sleutelaanwysers

| | | 2013 | 2012 | Verandering % 2013/2012 | 2011 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Winsgewendheid** | | | | | |
| Rente-inkomste | R'm | 7 085 | 4 347 | 63 | 2 809 |
| Netto leningsfooi-inkomste | R'm | 1 153 | 1 471 | (22) | 1 151 |
| Netto transaksiefooi-inkomste | R'm | 1 349 | 836 | 61 | 532 |
| Rente betaal | R'm | (1 663) | (1 022) | 63 | (751) |
| Ander bankverwante inkomste | R'm | – | 14 | | – |
| Inkomste uit bankbedrywighede | R'm | 7 924 | 5 646 | 40 | 3 741 |
| Netto slegteskuld-onkoste | R'm | (2 659) | (1 604) | 66 | (988) |
| Netto bankinkomste | R'm | 5 265 | 4 042 | 30 | 2 753 |
| Bankverwante bedryfsuitgawes | R'm | (2 994) | (2 486) | 20 | (1 813) |
| Nie-bankverwante bedrywighede | R'm | 7 | 3 | | – |
| Belasting | R'm | (673) | (464) | 45 | (284) |
| Voorkeurdividend | R'm | (21) | (19) | 11 | (16) |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | | | | | |
| Basiese | R'm | 1 584 | 1 075 | 47 | 640 |
| Wesens- | R'm | 1 584 | 1 078 | 47 | 640 |
| Netto transaksiefooi-inkomste tot bankverwante bedryfsuitgawes | % | 45 | 34 | | 29 |
| Netto transaksiefooi-inkomste tot netto bankinkomste | % | 26 | 21 | | 19 |
| Koste-tot-inkomste-verhouding – bankaktiwiteite | % | 38 | 44 | | 48 |
| Opbrengs op gewone aandeelhouersekwiteit | % | 27 | 29 | | 34 |
| Verdienste per aandeel | | | | | |
| Toeskryfbare | sent | 1 519 | 1 122 | 35 | 757 |
| Wesens- | sent | 1 519 | 1 125 | 35 | 757 |
| Verwaterde toeskryfbare | sent | 1 498 | 1 096 | 37 | 730 |
| Verwaterde wesens- | sent | 1 498 | 1 099 | 36 | 730 |
| Dividende per aandeel | | | | | |
| Tussentydse | sent | 169 | 125 | 35 | 85 |
| Finale | sent | 405 | 300 | 35 | 205 |
| Totale | sent | 574 | 425 | 35 | 290 |
| Dividenddekking | x | 2.6 | 2.6 | | 2.6 |
| **Bates** | | | | | |
| Netto lenings en voorskotte | R'm | 27 935 | 16 863 | 66 | 10 071 |
| Kontant en kontant-ekwivalente | R'm | 7 143 | 4 551 | 57 | 2 842 |
| Beleggings | R'm | 2 023 | 1 199 | 69 | 989 |
| Ander | R'm | 1 246 | 1 009 | 23 | 538 |
| Totale bates | R'm | 38 347 | 23 622 | 62 | 14 440 |
| **Laste** | | | | | |
| Deposito's | R'm | 29 000 | 17 692 | 64 | 10 450 |
| Ander | R'm | 834 | 744 | 12 | 539 |
| Totale laste | R'm | 29 834 | 18 436 | 62 | 10 989 |
| **Ekwiteit** | | | | | |
| Aandeelhouersfondse | R'm | 8 513 | 5 185 | 64 | 3 451 |
| Kapitaaltoereikendheidsverhouding | % | 41 | 39 | | 41 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel | sent | 7 212 | 4 962 | 45 | 3 418 |
| Aandeelprys | sent | 18 800 | 18 500 | 2 | 15 901 |
| Markkapitalisasie | R'm | 21 515 | 18 367 | 17 | 14 850 |
| Aantal uitgereikte aandele | '000 | 114 442 | 99 282 | 15 | 93 388 |
| Aandeelopsies | | | | | |
| Aantal uitstaande | '000 | 2 177 | 3 087 | (29) | 4 222 |
| Aantal uitstaande tot totale uitgereikte aandele | % | 2 | 3 | | 5 |
| Gemiddelde uitoefenprys | sent | 6 294 | 4 358 | 44 | 3 510 |
| Gemiddelde termyn tot vervaldag | maande | 15 | 16 | | 20 |
| **Bedrywighede** | | | | | |
| Takke | | 560 | 507 | 10 | 455 |
| Werknemers | | 8 308 | 7 194 | 15 | 5 331 |
| Aktiewe kliënte | '000 | 4 677 | 3 706 | 26 | 2 829 |
| OTM'e | | | | | |
| Eie | | 640 | 550 | 16 | 479 |
| Venootskappe | | 1 914 | 1 526 | 25 | 1 182 |
| Totale | | 2 554 | 2 076 | 23 | 1 661 |
| Kapitaalbesteding | R'm | 473 | 381 | 24 | 235 |
| **Verkope** | | | | | |
| Lenings | | | | | |
| Waarde van lenings toegestaan | R'm | 25 401 | 19 393 | 31 | 14 318 |
| Aantal lenings toegestaan | '000 | 3 760 | 4 648 | (19) | 3 907 |
| Gemiddelde leningsbedrag | R | 6 756 | 4 172 | 62 | 3 665 |
| Terugbetalings | R'm | 19 159 | 16 173 | 18 | 12 117 |
| Bruto lenings en voorskotte | R'm | 30 658 | 18 408 | 67 | 10 916 |
| Agterstallige lenings | R'm | 1 777 | 932 | 91 | 626 |
| Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte | % | 5.8 | 5.1 | | 5.7 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld | R'm | 2 723 | 1 545 | 76 | 845 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte | % | 8.9 | 8.4 | | 7.7 |
| Dekkingsverhouding op agterstalligheid | % | 153 | 166 | | 135 |
| Leningsinkomste | R'm | 7 983 | 5 660 | 41 | 3 800 |
| Leningsinkomste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte | % | 32.5 | 38.6 | | 46.0 |
| Bruto slegteskuld-onkoste | R'm | 2 932 | 1 780 | 65 | 1 088 |
| Verhalings | R'm | 273 | 176 | 55 | 100 |
| Netto slegteskuld-onkoste | R'm | 2 659 | 1 604 | 66 | 988 |
| Netto slegteskuld-onkoste tot leningsinkomste | % | 33.3 | 28.3 | | 26.0 |
| Netto slegteskuld-onkoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte | % | 10.8 | 10.9 | | 12.0 |
| Deposito's | | | | | |
| Groothandelsdeposito's | R'm | 11 679 | 7 162 | 63 | 3 954 |
| Lopende kleinhandelspaarrekeninge | R'm | 10 335 | 6 348 | 63 | 3 933 |
| Vastetermyn-kleinhandelspaarrekeninge | R'm | 6 844 | 4 015 | 70 | 2 316 |

## Opgesomde gekonsolideerde balansstaat

| | Geouditeer Februarie 2013 R'000 | Geouditeer Februarie 2012 R'000 |
|---|---|---|
| **Bates** | | |
| Kontant, kontantekwivalente en geldmarkfondse | 7 143 092 | 4 551 203 |
| Beleggings teen markwaarde getoon | 2 022 906 | 1 198 833 |
| Lenings en voorskotte aan kliënte | 27 934 854 | 16 863 028 |
| Voorraad | – | 42 079 |
| Ander debiteure | 140 818 | 57 745 |
| Lopende inkomstebelastingbates | – | 62 331 |
| Belang in geassosieerde | 167 | – |
| Eiendom en toerusting | 697 512 | 543 121 |
| Ontasbare bates | 136 380 | 69 262 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | 270 995 | 234 242 |
| **Totale bates** | 38 346 724 | 23 621 844 |
| **Laste** | | |
| Lenings en deposito's teen geamortiseerde koste | 29 000 191 | 17 692 062 |
| Ander laste | 759 083 | 718 549 |
| Lopende inkomstebelastinglaste | 46 007 | 885 |
| Voorsienings | 28 449 | 24 998 |
| **Totale laste** | 29 833 730 | 18 436 494 |
| **Ekwiteit** | | |
| Gewone aandelekapitaal en -premie | 5 330 710 | 2 926 435 |
| Kontantvloei-verskansingsreserwe | (15 925) | (1 920) |
| Behoue verdienste | 2 939 240 | 2 001 866 |
| Aandelekapitaal en reserwes toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | 8 254 025 | 4 926 381 |
| Nie-aflosbare, nie-kumulatiewe, nie-deelnemende voorkeuraandelekapitaal en -premie | 258 969 | 258 969 |
| **Totale ekwiteit** | 8 512 994 | 5 185 350 |
| **Totale ekwiteit en laste** | 38 346 724 | 23 621 844 |

## Opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat

| | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2013 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig Februarie 2012 R'000 |
|---|---|---|
| Rente-inkomste | 7 084 752 | 4 346 902 |
| Rente-uitgawe | (1 662 513) | (1 022 374) |
| **Netto rente-inkomste** | 5 422 239 | 3 324 528 |
| Leningsfooi-inkomste | 1 496 009 | 1 657 018 |
| Leningsfooi-uitgawe | (343 209) | (186 360) |
| Transaksiefooi-inkomste | 2 100 594 | 1 360 308 |
| Transaksiefooi-uitgawe | (751 768) | (524 202) |
| **Netto fooi-inkomste** | 2 501 626 | 2 306 764 |
| Dividendinkomste | 9 | 1 532 |
| Netto slegteskuld-onkoste op lenings en voorskotte aan kliënte | (2 658 923) | (1 604 190) |
| Netto beweging in finansiële instrumente gehou teen markwaarde deur wins of verlies | (298) | 12 070 |
| Ander inkomste | 204 | 679 |
| Verkope | 248 358 | 217 145 |
| Koste van verkope | (219 480) | (191 996) |
| **Nie-bankverwante inkomste** | 28 878 | 25 149 |
| **Inkomste uit bedrywighede** | 5 293 735 | 4 066 532 |
| Bankverwante bedryfsuitgawes | (2 994 008) | (2 486 318) |
| Nie-bankverwante bedryfsuitgawes | (22 451) | (22 342) |
| **Bedryfswins voor belasting** | 2 277 276 | 1 557 872 |
| Gedeelte van wins van geassosieerde | 167 | – |
| Inkomstebelastinguitgawe | (672 862) | (463 532) |
| **Wins vir die jaar** | 1 604 581 | 1 094 340 |
| Verdienste per aandeel (sent) | | |
| Basiese | 1 519 | 1 122 |
| Verwaterde | 1 498 | 1 096 |

## Opgesomde gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

| | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|
| **Wins vir die jaar** | 1 604 581 | 1 094 340 |
| Kontantvloeiverskansing erken gedurende die jaar | (33 430) | (4 916) |
| Kontantvloeiverskansing herklassifiseer as wins en verlies vir die jaar | 14 080 | 7 067 |
| Kontantvloeiverskansing voor belasting | (19 350) | 2 151 |
| Inkomstebelasting ten opsigte van kontantvloeiverskansing | 5 345 | (602) |
| **Ander omvattende inkomste vir die jaar na belasting** | (14 005) | 1 549 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | 1 590 576 | 1 095 889 |

## Rekonsiliasie van toeskryfbare verdienste en wesensverdienste

| | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|
| **Netto wins toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers** | 1 604 581 | 1 094 340 |
| Minus voorkeurdividend | (20 783) | (19 419) |
| **Netto wins na belasting toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | 1 583 798 | 1 074 921 |
| Nie-wesensitems: | | |
| Verlies/(wins) met verkoop van eiendom en toerusting | (358) | 596 |
| Inkomstebelastingeffek – eiendom en toerusting | 100 | (192) |
| Verlies met verkoop van ontasbare bates | 19 | 3 048 |
| Inkomstebelastingeffek – ontasbare bates | (5) | (853) |
| Verlies met verkoop van filiaal | 58 | – |
| Inkomstebelastingeffek – verkoop van filiaal | (16) | – |
| **Wesensverdienste** | 1 583 596 | 1 077 520 |

## Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit

| | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|
| **Ekwiteit aan die begin van die jaar** | 5 185 350 | 3 450 513 |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | 1 590 576 | 1 095 889 |
| Gewone dividend | (467 460) | (317 939) |
| Voorkeurdividend | (20 783) | (19 419) |
| Werknemeraandeelopsieskema: Waarde van werknemerdienste | 9 037 | 11 778 |
| Aandele uitgereik en verkry vir werknemeraandeelopsies teen kosprys | (244 422) | (221 207) |
| Opbrengs met vereffening van werknemeraandeelopsies | 37 850 | 35 091 |
| Belastingeffek op aandeelopsies | 18 571 | 142 886 |
| Aandele uitgereik | 2 491 915 | 1 019 437 |
| Aandele-uitgiftekoste | (87 640) | (11 679) |
| **Ekwiteit aan die einde van die jaar** | 8 512 994 | 5 185 350 |

## Voorwaardelike aanspreeklikhede

Op 22 Februarie 2013 is 'n kennisgewing ontvang van die Nasionale Kredietreguleerder aangaande beweerde oortredings van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005, onder meer met betrekking tot die heffing van inisiasiefooie op een produk. Dit is nie prakties moontlik om die finansiële uitwerking of die bedrag van enige moontlike uitvloei te beraam nie. Die bank het die bewerings ondersoek en regsadvies ingewin, en glo die saak sal in 'n behoorlike regsproses bevredigend besleg word.

## Die revolusie duur voort

Gedurende die laaste 12 maande het ons verdienste met 47% tot R1 584 miljoen gestyg. Ons het R2.2 miljard in nuwe aandelekapitaal verkry deur 'n regte-uitgifte maar nogtans opbrengs van 27% op ekwiteit behaal. Ons waardeer die vertroue van ons aandeelhouers en die markte, maar ons langtermynsukses hang af van die ondersteuning van gewone mense wat ons vertrou om na hulle geld om te sien. In dié opsig het ons opwindende nuus.

Op 28 Februarie 2013, die laaste dag van ons boekjaar, het individuele kliënte 2.7 miljoen transaksies op hul Capitec Bank-rekeninge uitgevoer. Dit was die besigste dag van ons jaar en was 80% besiger as die besigste dag van die vorige jaar.

Ons het vanjaar 971 000 kliënte meer as 'n jaar gelede wat hul rekeninge meer dikwels gebruik – sommige leen by ons, ander spaar by ons, party doen transaksies by ons en baie doen al drie. Ons is ingenome daarmee om hul voorkeurbank te wees. Die getal uitsoekkliënte wat bankrekeninge by ons gebruik om hul salaris te ontvang, het met 45% tot 1.8 miljoen toegeneem.

Netto inkomste uit transaksiefooie het met R513 miljoen tot R1.3 miljard gestyg. Wanneer 'n kliënt 'n Capitec Bank-kaart gebruik om vir 'n ete by 'n restaurant te betaal en die restaurateur gebruik 'n kaartmasjien wat deur 'n ander bank voorsien is, ontvang ons 'n fooi waarvan 'n gedeelte aan die ander bank oorbetaal word. Die netto transaksiefooi is die gedeelte van die fooi wat ons kry, en is nie 'n aanduiding van wins na koste nie. Transaksie-inkomste het 45% van ons bankverwante bedryfsuitgawes gedek, teenoor 34% verlede jaar, en daarmee ons teiken van 40% oortref wat drie jaar gelede gestel is. Ons koste-tot-inkomste-verhouding het tot 38% gedaal – 'n ongewoon lae syfer vir 'n volledigediens-bank met 'n landwye taknetwerk.

Mense hou baie van die eenvoud van ons produkte en ons maklik verstaanbare prysstruktuur. Baie van ons kliënte wat hul salaris in hul Capitec Bank-rekening laat inbetaal, kry meer rente as die fooie wat hulle betaal. Kliënte wat bankfooie van meer as R12.50 aangaan, kry 'n maandelikse SMS wat vir hulle sê hoeveel ons hulle vra en hoeveel rente ons hulle betaal. Gelukkige kliënte is ons beste advertensie.

Volgens AMPS-navorsing het ons aandeel van bankkliënte van 5% in 2010 gegroei tot 9% twee jaar later, en 61% van alle ander banke se kliënte wat uitgevra is, sou dit oorweeg om by ons bank aan te sluit. Dis verreweg die hoogste wat enige bank deur die kliënte van sy mededingers aangeslaan word. Ons het geweldige groeigeleenthede.

## Beleidsprestasie

Die uitbreiding van die mark vir ongesekureerde lenings is 'n oorwinning vir die regering se strewe om banksake uit te brei na diegene wat voorheen nie toegang tot banke kon kry nie.

Die aanvanklike deregulering van rentekoerse in 1994 het 'n groot en chaotiese kredietmark geskep: so het die mikroleningsbedryf ontstaan. Later het groter, meer gestruktureerde spelers begin oorheers en rentekoerse verlaag, en – in die geval van Capitec Bank – 'n volledige bankdiens begin aanbied. Die Nasionale Kredietwet, wat in 2007 van krag geword het, was 'n mylpaal: die reëls van kredietverlening het wet geword en wanpraktyke is verban. Met hierdie regulering het die mark vlam gevat: in 2007 het die bedryf vir ongesekureerde lenings altesaam R29 miljard beloop (volgens die Nasionale Kredietreguleerder). Die bedryf se totale boek beloop nou R171 miljard, wat 14% van die totale Suid-Afrikaanse kredietmark is.

Hierdie fenomenale groei is 'n groot bonus vir Suid-Afrikaners. Slegs 6% van alle volwassenes in Suid-Afrika het 'n huislening. Niemand kan 'n huislening toestaan op 'n informele huis of 'n huis wat op gemeenskaplike grond gebou is nie. Die meeste huise in townships kwalifiseer nie vir 'n verband nie. En tog het al hierdie huise finansiering nodig wanneer 'n badkamer of heining bygevoeg word. Om 'n persoon toegang tot die kredietmark te ontsê weens 'n gebrek aan sekuriteit is 'n aantasting van daardie persoon se menswaardigheid.

Capitec Bank is 'n leier in hierdie geweldige uitbreiding van die kredietmark. Ons maksimum leningstermyn is van drie tot sewe jaar verleng. Die rentekoers wat ons vir ons kliënte vra is gedurende die jaar verder verlaag. Dalende rentekoerse en langer terugbetaaltydperke het tot heelwat groter lenings gelei. Laer koerse het ook persone met 'n hoër inkomste oortuig om ons lenings te gebruik. Dit is nie soseer die mark vir ongesekureerde lenings wat uitgebrei het nie, maar eerder 'n splinternuwe mark wat geskep is.

Capitec Bank is 'n intydse leningverskaffer. Wanneer iemand – selfs 'n splinternuwe kliënt – vir 'n lening aansoek doen, word daardie lening goedgekeur of afgewys voordat die kliënt ons tak verlaat. Indien goedgekeur, word 'n nuwe rekening geskep, die geld word daarin gedeponeer, en dit is onmiddellik beskikbaar vir gebruik deur die lener. Selfs privaat banke vind dit onmoontlik om aan hul beste kliënte intydse toegang tot nuwe krediet te gee.

Ons aandeel van die ongesekureerde mark is 17%, wat 14% meer is as 'n jaar gelede. Dit is vinnige groei maar beteken ook dat ons lank kan aanhou groei. Ongesekureerde uitlening het 'n vaste kenmerk van die Suid-Afrikaanse kredietoneel geword en sal eerder belangriker word as om te verdwyn. Ons kliënte is beïndruk deur die vinnige beskikbaarheid en eenvoud van ons lenings. Selfs vir 'n lening van sewe jaar vra ons 'n vaste rentekoers, wat beteken die lener kan akkuraat begroot in die wete dat die maandelikse betaling nooit sal styg nie.

## Slegte skuld

Uitlening is 'n riskante onderneming. Slegte skuld (of "waardedalings" in suiwer boekhoutaal) is geweldig groot. Ons grootste koste-items die afgelope jaar was:

| | |
|---|---|
| Netto slegteskuld-onkoste | R2 659 miljoen |
| Indiensnemingskoste | R1 536 miljoen |
| Alle ander bankverwante bedryfskoste | R1 458 miljoen |
| Belasting | R875 miljoen |
| Dividende (tussentydse plus finale dividend wat betaal sal word) | R931 miljoen |

Agterstallige leners kry meer uit Capitec as ons werknemers, die regering of ons aandeelhouers.

Ons weet dat swak kredietbesluite 'n geweldige risiko vir Capitec Bank is. Ons is bewus van die feit dat leners se vorige gedrag in 'n snelgroeiende mark nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige gedrag is nie. Ons benader die beoordeling van ons leners versigtig, veral dié aan wie ons groot langtermynlenings toestaan.

Ons reageer vinnig op veranderende omstandighede. Die tendens van ons agterstallige betalings was die afgelope paar maande effens hoër as wat verwag is, hoewel dit nog binne ons risiko-aptyt is. Kredietkriteria is onmiddellik verskerp en voorsienings is opgestoot.

Die beweging in bruto slegteskuld-onkoste is toe te skryf aan:

| | Ses maande tot Augustus 2012 R'm | Ses maande tot Februarie 2013 R'm | Twaalf maande tot Februarie 2013 R'm |
|---|---|---|---|
| Leningsboekgroei | 300 | 465 | 1 260 |
| Verandering in boekgehalte | (150) | 185 | (45) |
| Toename in waardasie van oorhandigde boek | (34) | – | (63) |
| Totale toename in slegteskuld-onkoste | 116 | 650 | 1 152 |

Met 'n snelgroeiende leningsboek kan mens jou maklik wysmaak dat voorsienings genoeg is as jy na agterstallige leningspersentasies kyk – en eers later agterkom dit was nie genoeg nie. Ons probeer hierdie slaggat vermy en van die R2.9 miljard wat deur die inkomstestaat erken is, is R1.2 miljard by die voorsiening vir twyfelagtige skuld gevoeg om gebeure wat nog nie geïdentifiseer is nie te dek, terwyl slegte skuld wat afgeskryf is met R675 miljoen tot R1.7 miljard verhoog het.

## BASEL III

Die nuwe internasionale bankregulasies, wat bekend staan as Basel III, is ingestel na die krisis in die bankwese om banke te versterk. Basel III skryf hoër kapitaalverhoudings voor, maar lê ook maatreëls neer wat oor die volgende aantal jare ingefaseer sal word om te verseker dat 'n bank toegang het tot stabiele en langtermynbefondsing. Capitec voldoen reeds aan hierdie nuwe bepalings. Op 28 Februarie 2013 was ons likiditeitsdekkingsverhouding 1 534% (vereiste vanaf 2019 is 100%) en ons netto stabiele befondingsverhouding was 116% (vereiste vanaf 2018 is 100%).

As gevolg van ons regte-uitgifte het Capitec se kapitaaltoereikendheidsverhouding hoog gebly op 41% (2012: 39%).

## Groter voetspoor

Ons het 560 takke en het die afgelope drie jaar gemiddeld 50 takke per jaar oopgemaak. Ons beoog om in die komende jaar 75 nuwe takke oop te maak nadat ons ons kapasiteit verhoog het om nuwe werknemers op te lei. Takke is so geleë dat dit vir kliënte gerieflik is om in die loop van hul daaglikse aktiwiteite hul banksake te doen, met 104 takke in winkelsentrums.

Capitec Bank het 244 takke in stede en dorpe en 316 wat landelike en halflandelike gebiede bedien. Ons het 27 takke in sentraal Johannesburg en ons mees afgeleë takke sluit Bochum in, 85 kilometer noord van Polokwane, en Manguzi, 30 kilometer suid van die Mosambiekse grens in die noordoostelike hoek van KwaZulu-Natal. By ons kleiner takke hanteer sewe werknemers gemiddeld 14 000 transaksies per tak per maand. Ons grootste takke word beman deur 16 werknemers wat gemiddeld 82 000 transaksies per tak per maand hanteer.

Ons het nie groot takke nie en sal eerder 'n tweede of derde tak in 'n dorp of omgewing open as om ons eerste tak te vergroot.

Die OTM-netwerk het tot 2 554 OTM'e toegeneem, en die getal OTM'e wat onafhanklik van takke funksioneer, brei steeds uit. Gedurende die jaar het Capitec kontantherbenutters in werking gestel wat die kontant wat een kliënt deponeer benut om kontant beskikbaar te stel vir ander kliënte se onttrekkings.

Ons het geweldige groei in selfoongebruik vir die koop van lugtyd en elektrisiteit ondervind. In Desember verlede jaar is 6 miljoen van hierdie transaksies uitgevoer, teenoor 673 000 'n jaar gelede. In dieselfde tydperk het saldonavrae vanaf 271 000 tot 3.5 miljoen gestyg. Selfone sal voortaan 'n integrale deel van banksake wees.

## Werknemers

Capitec Bank se sukses hang af van sy werknemers.

Ons het teen die jaareinde 8 308 permanente werknemers gehad en 1 114 nuwe poste teenoor 'n jaar gelede. Ons het gedurende die jaar 2 419 werknemers aangestel, wat aanstellings in vakante poste insluit. Uit altesaam 28 564 aansoekers is kortlyste saamgestel en 6 014 aansoekers het onderhoude met Capitec Bank se interne werwingsafdeling gehad.

Ons benadering is om Capitec 'n uitstekende werkplek te maak waar werknemers kan groei en ontwikkel. Dumisani Ncukana is 'n voorbeeld van hierdie bemagtiging. Hy was 18 jaar oud toe hy as 'n OTM-assistent by Capitec begin werk het. Hy het 'n MBA voltooi en is tans 'n bedryfsbestuurder in Gauteng waar hy vir 92 takke verantwoordelik is.

Alle nuwe werknemers kry praktiese opleiding in die kantoor voordat hulle toegelaat word om met kliënte te skakel. Bestuurs- en leierskapkursusse is deur 703 werknemers bygewoon, en 730 werknemers is intern bevorder.

## Kapitaal verkry

Capitec Bank het in November 2012 'n suksesvolle regte-uitgifte onderneem, met 'n kapitaalverkryging van R2.2 miljard. Ons waardeer in die besonder die ondersteuning van ons grootste aandeelhouer, die PSG Groep. Verdere kapitaal behoort nie in die nabye toekoms nodig te wees nie.

## Direksie

Capitec betreur die heengaan van Merlyn Mehl in Januarie 2013. Merlyn was 'n ware heer, 'n intellektuele reus en 'n sterk Capitec-ondersteuner. Hy het van nog voor Capitec se notering in die direksie gedien en was ten tyde van sy dood die hoof onafhanklike direkteur.

Nonhlanhla Mjoli-Mncube is op 31 Januarie 2013 as hoof onafhanklike direkteur aangestel.

Die direksie het in November 2012 Boel Pretorius verwelkom. As uitvoerende hoof van Reunert en 'n ingenieur met jare ondervinding is hy 'n aanwins vir die direksie.

## Vooruitsigte

Ons verwag dat ekonomiese toestande moeilik sal bly, maar ons vertrou dat ons kliëntebasis en transaksie-inkomste sal aanhou groei. Die verantwoordelike bestuur van die gehalte van ons leningsboek sal steeds prioriteit geniet.

## Dividende

Die direksie het op 25 Maart 2013 'n finale dividend van 405 sent per gewone aandeel verklaar, wat die totale dividend vir die jaar op 574 sent per aandeel te staan bring. Daar is 114 441 719 gewone uitgereikte aandele.

Die finale dividend voldoen aan die omskrywing van 'n dividend ingevolge die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Die dividendbedrag netto van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15% is 344.25000 sent per aandeel vir dié aandeelhouers wat nie vrygestel is van dividendbelasting nie. Die uitkering is gemaak vanuit inkomstereserwes en geen krediete van Sekondêre Belasting op Maatskappye (SBM) is teen die dividend aangewend nie. Capitec se inkomstebelastingverwysingsnommer is 9405/376/84/0.

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 12 April 2013 |
| Verhandeling sonder dividend begin | Maandag, 15 April 2013 |
| Rekorddatum | Vrydag, 19 April 2013 |
| Betaaldatum | Maandag, 22 April 2013 |

Aandelesertifikate mag nie tussen Maandag, 15 April 2013, en Vrydag, 19 April 2013, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Die hoof finansiële beampte se verslag is beskikbaar by www.capitecbank.co.za.

Namens die direksie.

**Michiel le Roux**
*Voorsitter*

**Riaan Stassen**
*Hoof uitvoerende beampte*

Stellenbosch
27 Maart 2013

Die inligting in hierdie persaankondiging is 'n uittreksel van die geouditeerde inligting wat op SENS gepubliseer is, maar die aankondiging self is nie geouditeer nie.

**Maatskappysekretaris en geregistreerde kantoor** Christian George van Schalkwyk: BCom, LLB, GR(SA), Quantumstraat 1, Tegnopark, Stellenbosch 7600, Posbus 12451, Die Boord 7613
**Oordragsekretaris** Computershare Investor Services Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2004/003647/07), Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Posbus 61051, Marshalltown 2107 **Borg** PSG Capital Eiendoms Beperk (Registrasienommer: 2006/015817/07)
**Direkteure** MS du P le Roux (Voorsitter), R Stassen (HUB)*, AP du Plessis (HFB)*, me RJ Huntley, JD McKenzie, me NS Mjoli-Mncube, PJ Mouton, CA Otto, G Pretorious, JP van der Merwe **Uitvoerend*

capitecbank.co.za
enquiries@capitecbank.co.za

**CAPITEC BANK BEHEREND BEPERK** Registrasienommer: 1999/025903/06 Geregistreerde bankbeheermaatskappy Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika JSE-kode vir gewone aandele: CPI ISIN: ZAE000035861 JSE-kode vir voorkeuraandele: CPIP ISIN: ZAE000083838

GREYMATTER & FINCH # 7004